higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 3

(3011013)

12 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 'n antwoordboek van 17 bladsye.

546Q1S2012

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. AL die vrae moet in die aangehegte ANTWOORDBOEK beantwoord word.

5 Alle berekeninge moet getoon word om punte te ontvang.

6 Gebruik slegs blou of swart ink.

7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG-NOMMER	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYD
1	Kortvrae (meerkeuse-, pas bymekaar en kies die ontbrekende woord(e)) ALLE onderwerpe	40	36
2	Bereken en rekordeer die BTW-transaksies	40	36
3	Berei salaris- en loonjoernale voor Die kleinkasstelsel	40	36
4	Stel die rekonsiliasiesstaat op	40	36
5	Basiese per-hand-administrasie en vaste bates Regstel van teenstrydighede	40	36
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Onderneming koop toerusting ter waarde van R30 000, BTW uitgesluit. Die berekende BTW-bedrag is ...

A R4 200.
B R4 500.
C R3 600.
D R3 900.

1.1.2 Uitsetbelasting van 'n organisasie word in die ... -joernaal aangeteken.

A kontantontvangste
B kontantbetalings
C krediteure
D bankrekonsiliasie

1.1.3 Watter een van die volgende is nie 'n nulkoersbelasting-item nie?

A Uitgevoerde goedere
B Petrol
C Diesel
D Finansiële dienste

1.1.4 'n Handelskorting van 10% op R13 043,48, BTW uitgesluit, is ...

A R1 500
B R1 826,09
C R11 739,13
D R1 304,35

1.1.5 Watter EEN van die volgende is 'n vrywillige aftrekking?

A Pensioenfonds
B Lidmaatskapfooi
C Mediese fonds
D Inkomstebelasting

1.1.6 Bereken die oortydkoers indien die normale koers R55 per uur en die oortydkoers 1,33 van die normale koers is.

A R55,00
B R53,67
C R73,15
D R41,35

Kopiereg voorbehou

1.1.7 'n Maatskappy handhaaf maandelik kaskontant van R1 000 in die kleinkas. Aan die einde van die maand was die totale kleinkas aangegaan R850.

Hoeveel is nodig om die voorskotbedrag te herstel?

A R150
B R1 000
C R850
D R1 850

1.1.8 'n Voorbeeld van bankkoste wat van 'n bankstaat afgetrek word sluit ... in.

A elektroniese deposito's
B elektroniese betalings
C debietorderaftrekkings
D grootboekgelde

1.1.9 Belasting op toegevoegde waarde is belasting wat op ... gehef word.

A werknemers se lone
B goede en dienste teen 15%
C goedere en dienste teen 14%
D werknemers se salarisse

1.1.10 Die kleinkasbewysstuk is 'n ... brondokument wat gebruik word om kleinkasbetalings te rekordeer.

A interne
B hulp-
C eksterne
D ondersteunings-

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n item/woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	'n Individu of maatskappy wat by SARS geregistreer is	A	sloopwaarde
1.2.2	Die tydsverloop vir BTW-voorlegging vir boerderyaktiwiteite aan SARS	B	salarispakket
1.2.3	Inkomste voor die nodige aftrekkings	C	balansstaat
1.2.4	'n Bruto salaris wat voordele insluit	D	deposito's
1.2.5	Ure wat bykomend tot normale tyd gewerk is	E	sesmaandeliks
1.2.6	'n Staat van 'n onderneming se vermoë	F	bateregister
1.2.7	'n Kredietinskrywing op 'n bankstaat	G	netto salaris
1.2.8	'n Dokument wat gebruik word om alle bates wat 'n onderneming besit aan te teken	H	vergoeding
1.2.9	Waarde van 'n bate na die nuttige lewensduur daarvan	I	oortyd
1.2.10	Betaling in die vorm van 'n loon of 'n salaris	J	bruto salaris
		K	ondernemer
		L	tweemaandeliks

(10 × 1) (10)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n ... is die proses waarvolgens bedrae uit rekeningkundige rekords vergelyk en afgepaar word.

1.3.2 Volgens wet moet 'n onderneming sy dokumente vir 'n tydperk van ... jaar stoor.

1.3.3 Rente wat aan die kredietkant van die bankstaat ingeskryf word sal in die ... -joernaal aangeteken word.

1.3.4 Alle kredietaankope word in die ... -joernaal ingeskryf.

1.3.5 'n ... las is 'n skuld vir 'n diens wat gelewer is of goedere wat op krediet aangekoop is.

Kopiereg voorbehou

1.3.6 'n ... bate word vir 'n tydperk van 'n jaar of langer in 'n onderneming gebruik.

1.3.7 Die ... metode van jaarlikse waardevermindering behels dieselfde bedrag vir elke jaar van die bate se nuttige lewensduur.

1.3.8 Goedere en dienste waarop BTW nie gehef word nie is ... items.

1.3.9 Wanneer inset-BTW meer is as die uitset-BTW, sal die onderneming 'n ... van SARS ontvang.

1.3.10 'n ... -nota word uitgereik wanneer 'n persoon/onderneming beskadigde of verkeerde goedere aan die onderneming terugbesorg.

(10 × 1) (10)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Slegs organisasies wat vir BTW geregistreer is kan BTW van SARS af terugeis.

1.4.2 Maatskappy met 'n omset van meer as R1 000 000 is verplig om by SARS te registreer.

1.4.3 Fotokopieë of gefaksde VAT 201-vorms word deur SARS aanvaar.

1.4.4 Ure wat op Sondae en vakansidae gewerk is word as deel van 'n werknemer se normale salaris bereken.

1.4.5 LBS-aftrekkings van werknemers se lone of salarisse word deur die wet afgedwing.

1.4.6 Salarisse is weekliks betaalbaar.

1.4.7 'n Kleinkasbedrag word aan 'n kleinkashouer uitgereik voordat 'n kleinkasaansoekvorm voltooi is.

1.4.8 Gehuurde grond en geboue word by die waarde van 'n maatskappy se vaste bates ingesluit.

1.4.9 Die balansstaat is een van die komponente wat nodig is om die bankrekonsiliasiestaat op te stel.

1.4.10 Die kleinkasbewysstuk bevestig die transaksies wat in die kleinkasjoernaal aangeteken is.

(10 × 1) (10)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Barney Plumbers is 'n geregistreede BTW-ondernemer. Hulle teken BTW teen 15% op die faktuurbasis aan.

OPMERKING: Barney Plumbers gebruik NIE afsonderlike inset- en uitset-BTW-rekeninge nie, maar boek direk in die BTW-kontrolerekening.

ALLE bedrae sluit BTW uit.

TRANSAKSIES:

Julie 2018	01	Die eienaar deponeer 'n kapitaalbydrae van R120 000 in die onderneming se rekening, kwitansieno. 01 word uitgereik.
	03	Water-en-elektrisiteitrekening word aan die Stadsraad betaal met tjeknommer 001 vir R1 200.
	06	Kontant ontvang vir dienste gelewer volgens die kasregisterrol, R12 300. (Geen koste van verkope nie.)
	07	Kontantverkope van goedere volgens die kasregisterrol is R5 000, koste van verkope R2 500.
	08	Betaal weeklikse lone, tjeknr. 002, R4 500.
	23	Reik kwitansienr. 01 aan C. Clara uit vir kredietverkope van goedere, R350, koste van verkope R120.
	24	Ontvang kwitansienr. 25 van PPP Stationers vir R180, vir skryfbehoeftes wat op krediet gekoop is.
	27	Reik kredietnotanr. 12 aan C. Clara uit, R65 vir teruggestuurde goedere. Koste van verkope R35.
	28	Skryfbehoeftes aan PPP Stationers teruggestuur, R70, met debietnotanr. 13.

VERLANG:

2.1 Skryf die bostaande transaksies in die toepaslike hulpjoernale vir Julie 2018 in. Tel NET die totale van die BTW-kolomme in al die joernale aan die einde van die maand bymekaar. (32)

2.2 Boek SLEGS na die BTW-kontrolerekening in die algemene grootboek. Balanseer die rekening aan die einde van die maand. (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Die nuwe salarisklerk by Madison Stores kry die geleentheid om die salarisjoernaal vir Madison Stores vir die maand geëindig 31 Oktober 2018 op te stel deur die inligting hier onder te gebruik:

1. ALLE werknemers ontvang 'n salaris van R550 per dag.

2. Daar is 22 normale werksdae in Oktober 2018.

3. Olga Jack het twee dae onbetaalde verlof geneem.

4. James May het een Saterdag oortyd gewerk teen normale salaris plus 65%.

5. Die werkgewer en werknemer dra 1% van hul bruto salaris tot die werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) by.

6. Werknemers dra 7,5% van hul normale salaris tot die pensioenfunds by. Die werkgewer dra 1/3 (een derde) van die werknemer se bydrae by.

7. Belasting moet soos volg bereken word: 18% van belasbare inkomste.

8. Werknemers se mediesefondsbydraes is soos volg:
Olga Jack – R300 en James May – R350
Die werkgewer dra 3/4 (driekwart) van die werknemer se totale bedrag tot die mediese fonds by.

VERLANG:

Voltooi die salarisjoernaal van Madison Stores vir die maand geëindig 31 Oktober 2018. MOENIE die salarisjoernaalkolomme optel nie.

Rond ALLE bedrae tot die naaste rand af.

GEEN oorboeking word verlang nie. (20)

3.2 Die kleinkastransaksies hier onder verskyn in die boeke van Cool Catz Bpk. vir die maand April 2018. Die onderneming gebruik die voorskotstelsel.

OPMERKING: ALLE bedrae sluit BTW uit.

April 2018	02	Die eienaar neem R90 vir persoonlike gebruik. (Bewysnr. 01)
	07	Betaal R45 vir penne en potlode aangekoop. (Bewysnr. 02)
	10	Koop seëls by die poskantoor, R35. (Bewysnr. 03)

16 Maak matte in die kantoor skoon en betaal vir arbeid, R145. (Bewysnr. 04)

21 Koop koekies en koeldrank vir besoekers, R85. (Bewysnr. 05)

VERLANG:

3.2.1 Voltooi die kleinkasjoernaal van Cool Catz Bpk. vir April 2018. Tel slegs die kleinkaskolom op. (12)

3.2.2 Boek die kleinkasrekening in die algemene grootboek en balanseer die rekening aan die einde van die maand. 'n Tjek vir R900 is op 1 April 2018 uitgereik en gewissel. Herstel die voorskotbedrag aan die einde van die maand. (5)

3.2.3 Gee DRIE prosedures by die uitreik van kleinkas. (3)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

World Enterprise het die volgende inligting verskaf vir hul finansiële jaar wat op 31 Mei 2018 eindig.

4.1 Vergelyk die bankstaat met die kontantboeke en maak aanvullende inskrywings in die toepaslike joernale. Tel die bankkolom in albei joernale op 31 Mei 2018 op. (14)

4.2 Boek oor na die bankrekening in die algemene grootboek en balanseer die rekening aan die einde van die maand. (3)

4.3 Berei die bankrekonsiliasie op 31 Mei 2018 voor. (8)

INLIGTING:

BANKSTAAT

PREMIER BANK
BANKSTAAT

World Enterprise
Devallstraat 350
Sunshine Valley
0001

Staatnr. 15
Rekeningnr. 158 987 596
Datum 31/05/2018

DATUM	BESONDERHEDE	DEBIET(-)	KREDIET(+)	SALDO
01/05/18	Saldo			0
01/05/18	Krediet		70 000	70 000
04/05/18	Tjek 002	10 500		59 500
06/05/18	Tjek 003	4 500		55 000
09/05/18	Krediet		7 200	62 200
10/05/18	Tjek 004	230		61 970
11/05/18	Tjek 005	3 000		58 970
12/05/18	Hans Motors	1 500		57 470
16/05/18	Krediet		690	58 160
21/05/18	Tjek 008	240		57 920
21/05/18	Tjek 007	670		57 250
21/05/18	Tjekboek	5		57 245
21/05/18	Krediet		5 450	62 695
24/05/18	Tjek 010	444		62 251
25/05/18	Tjek 009	600		61 651
30/05/18	Onbetaalde tjek	2 300		59 351
30/05/18	Belastingheffing	52		59 299
30/05/18	Diensgeld	123		59 176
30/05/18	Rente op saldo		90	59 266
31/05/18	Tjek 012	7 500		51 766

Kopiereg voorbehou

Kontantontvangstejoernaal van World Enterprise vir Mei 2018

Dok.	Dag	Detail	Ontleding van ontvang-ste	Bank	Verkope	Debiteure-kontrole	Diverse rekeninge	
							Bedrag	Detail
001	01	W. World	65 000				65 000	kapitaal
KOJ		Verkope	5 000	70 000	5 000			
KOJ	09	Verkope	7 200	7 200	7 200			
KOJ	16	Verkope	690	690	690			
KOJ	21	Verkope	3 150		3 150			
002		D. Bekker	2 300	5 450		2 300		
KOJ	27	Verkope	600		600			
003		R Verster	944	1 544		944		
				84 884	**16 640**	**3 244**	**65 000**	

Kontantbetalingsjoernaal van World Enterprise vir Mei 2018

Dok.	Dag	Begunstigde se naam	Fol.	Bank	Lone	Handels-voorraad	Diverse rekeninge	
							Bedrag	Detail
001	02	Munisipali-teit		610			610	Water en elektrisiteit
002	03	Vikus Trading		10 500		10 500		
003	05	Dieter Wholesaler		4 500		4 500		
004	06	Oom Gert		230			230	Skryf-behoeftes
005	11	Kontant		3 000	3 000			
006	13	MCNR		115			115	Reklame
007	21	S Kemp		670		670		
008		P Lamb		240		240		
009	23	Lesley Print		600		600		
010		S Long		444		444		
011	27	Kontant		1 300	1 300			
012	30	L Limited		7 500			7 500	Huur-uitgawes
				29 709	**4 300**	**16 954**	**8 455**	

BYKOMENDE INLIGTING:

(a) Die betaling van R1 500 aan Hans Motors op 12 Mei 2018 was 'n debietorder vir die maandelikse paaiement op die afleweringsvoertuig.

(b) Die onbetaalde tjek is op 21 Mei 2018 van debiteur, D. Bekker, ontvang. Die bank het die gedishonoreerde tjek saam met 'n debietstrokie teruggestuur.

Kopiereg voorbehou

4.4 Die volgende inligting kom uit die boeke van Bullzip Enterprises vir die finansiële jaar eindigend 31 Maart 2018.

DATUM	JOERNAAL-INSKRYWINGS	DEBIET	KREDIET	REDE
01/03/18	Bank Kapitaal	42 500	42 500	Toename in kapitaal
05/03/18	Toerusting Krediteurekontrole (Hardware Bpk.)	7 250	7 250	Toename in bates Toename in laste
07/03/18	Lone Bank	13 250	13 250	Uitgawe Afname in bates
10/03/18	Bank Verkope	7 500	7 500	Toename in bates Inkomste
25/03/18	Krediteurekontrole (Hardware Bpk.) Bank	5 200	5 200	Afname in laste Afname in bates
30/03/18	Debiteurekontrole Verkope	22 500	22 500	Toename in bates Inkomste

VERLANG:

Gebruik die joernaalinskrywings hier bo om die toepaslike inskrywings in die ANTWOORDBOEK te maak.

Stel die proefbalans van Bullzip Enterprises vir die finansiële jaar eindigend 31 Maart 2018 op.

VOORBEELD: Toon enige berekeninge soos volg:

	Debiet	Krediet
BALANSSTAATAFDELING		
Voertuie (65 000 + 75 000)	140 000	

(15)
[40]

VRAAG 5

Die volgende inligting verwys na Great Car Garage. Ignoreer BTW in hierdie vraag.

Die organisasie se beleid is dat alle toerusting se waarde teen 'n koers van 10% per jaar volgens die verminderde-saldo metode afneem. Hul finansiële jaar eindig op 31 Desember 2018.

5.1 Gebruik die uittreksel uit die bateregister om die ontbrekende detail (met 'n vraagteken aangedui) in die ANTWOORDBOEK te voltooi.

OPMERKING: Rond tot die naaste rand af. (12)

GREAT CAR GARAGE				
Waardevermindering: **Still kabinette**				
Algemene-grootboekrekening: **Toerusting**			Aangekoop by: **Barnet Bpk.**	
Datum aangekoop: **01 Junie 2016**			Kosprys: **R15 000**	
Waardeverminderingsmetode: 10% verminderdesaldo-metode				
Datum verkoop:		Verkoop aan:	Verkoopprys:	
Datum	**Koste**	**Waardevermindering**	**Opgelope waardevermindering**	**Drabedrag**
1 Junie 2016	R15 000			R15 000
31 Des. 2016		?	?	?
31 Des. 2017		?	?	?
31 Des. 2018		?	?	?

5.2 Die volgende inligting verskyn in die boeke van Thabelo Transport Bpk. op 1 Augustus 2018.

Voertuie	R105 000
Opgelope waardevermindering op voertuig	R58 000

TRANSAKSIES:

Op 31 Augustus 2018 is die afleweringsvoertuig (kosprys R50 000) vir R30 000 kontant verkoop.

Die netto drawaarde van die voertuig op 31 Augustus 2018 was R38 000.

VERLANG:

5.2.1 Wat is die boekwaarde van die afleweringsvoertuig op die verkoopdatum? (2)

5.2.2 Voltooi die voertuigrekening in die algemene grootboek. (3)

5.2.3 Voltooi die opgelope-waardeverminderingrekening in die algemene grootboek. (3)

5.2.4 Voltooi die batevervreemdingsrekening in die algemene grootboek op 31 Augustus 2018. (6)

5.3 'n Onervare boekhoer het die debiteuregrootboekrekening van B. Lagoon vir Augustus 2018 soos volg opgestgel:

B. Lagoon

Datum	Detail	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
Aug 1	Rekening gelewer	a/b			9 825
10	Faktuurnr. 23	DJ		1 855	11 680
17	Kredietnotanr. 5	DKJ	160		11 840
23	Joernaalkrediet	AG	420		12 260
28	Kwitansienr. 94	KOJ		4 360	7 900
31	Korting toegestaan	KOJ		630	7 270

BYKOMENDE INLIGTING:

Die korting toegestaan op 31 Augustus was R360 en nie R630 nie.

Berei die grootboekrekening van B. Lagoon korrek in die debiteuregrootboek op 31 Augustus 2018 voor. (14)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou